

Dag 12 - Jesus word gedoop



Gesels oor jul doopdag. Wanneer is jy gedoop? Steek jou doopkers aan om jou doopdag te herdenk. Gaan haal ook julle foto albums uit en kyk wie was almal daar!

Woord: Mattheus 1:18 -25; Mattheus 2:1-12; Lukas 1: 26-38; Lukas 2:1-20


(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



Hierdie is Jesus en Johannes. Johannes het Jesus nou net onder die water van die Jordaanrivier ingedruk. Dit is hoe 'n mens gedoop word. Hy word eers onder die water ingedruk en dan weer uitgebring. Omdat Johannes dit met mense doen, word hy Johannes die Doper genoem. Maar hoekom het Johannes vir Jesus gedoop?

Wel, Johannes het dit gedoen omdat Jesus na hom toe gekom het en gevra het dat Johannes hom moet doop. Johannes doop mense sodat hul deel kan raak van God se familie. Dit was bekeringsdoop genoem. Jesus het om nog 'n rede vir Johannes gevra om hom te doop. Kom ons kyk wat daardie rede is.

Voordat Jesus hier na Johannes toe gekom het, was hy 'n timmerman. 'n Timmerman is iemand wat goed soos tafels en stoele en banke van hout maak. Maria se man, Josef, was 'n timmerman, en hy het Jesus geleer om ook een te wees. Maar God het nie sy Seun na die aarde toe gestuur om 'n timmerman te wees nie. Hy het 'n spesiale werk vir hom, en die tyd het gekom dat Jesus dit moet begin doen.



Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

Om te wys dat hy nou gekom het om sy Vader se wil te doen, vra Jesus vir Johannes om hom te doop. Is God bly daaroor?

Ja, hy is, want wanneer Jesus uit die water opkom, sê 'n stem uit die hemel: 'Dit is my Seun, wat ek goedgekeur het.' Dit lyk ook asof die hemel oopgaan en hierdie duif na Jesus toe afkom. Maar dit is nie 'n regte duif nie. Dit lyk net soos een. Dit is eintlik God se heilige gees.

Vandag is die doop nie 'n teken van bekering, soos in Johannes se tyd nie, maar 'n teken van die nuwe lewe wat ons deur Jesus Christus ontvang. Dit maak die gedoopte mens word deel van God se familie en kerk.



Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Wie was Johannes?
2. Waar het hy gebly?
3. Wat het Johannes gedoen?
4. Wat het Johannes vir die mense gesê wat na hom toe gekom het om gedoop te word?
5. Hoekom laat ouers hulle kinders doop?
6. Hoe vier ons by Durbanville Gemeente ons doop?

Gebed

Liewe Heer, gee vir my my 'n skoon hart. Dankie dat ek aan U kan behoort.

Aktiwiteit

Druk die prent op bladsy 3. Sny die prent uit op die rooi lyne en bou die legkaart.

